SAAKNOMMER: 482/96

# DIE HOOGSTE HOF VAN APPèL VAN SUID-AFRIKA

In die saak tussen:

KLIPPIES NTEO Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

CORAM: Van Heerden AHR, Marais et Streicher ARR

VERHOOR: 20 November 1997

GELEWER: 26 November 1997

UITSPRAAK

MARAIS AR:

Die appellant is aan 'n oortreding van art 2 van Wet 75 van 1969 skuldig bevind deurdat hy op 19 Februarie 1995 in die distrik van Ladybrand onwettiglik 'n 7.65 mm pistool in sy besit gehad het sonder dat hy die nodige lisensie vir sodanige besit gehad het. Hy is tot 12 maande gevangenisstraf gevonnis. 'n Appél teen die skuldigbevinding en vonnis het in die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling misluk. Met verlof deur laasgenoemde hof toegcstaan appelleer die appellant na hierdie hof maar slegs teen die opgelegde vonnis.

Hierdie hof het die vraag geopper of die vonnis dalk nie te lig was nie en 'n geleentheid is aan die appellant gebied om daaroor te betoog. Na verdere oonveging is ons dit eens dat daar geen regverdiging vir 'n verswaring van die opgelegde straf is nie en dat,

soos tereg deur die appellant aangevoer, die landdros (synde 'n distrikshoflanddros) geen jurisdiksie gehad het om 'n swaarder straf op te lê nie. Ek wend my dus tot die vraag of die appellant se appël teen die vonnis behoort te slaag al dan nie.

Die feitlike agtergrond is kortliks dat appellant, 'n huurmotoreienaar, by 'n pad blokkade by die Maserugrenspos in die distrik van Ladybrand deur die polisie in besit gevind is van twee 7.65 mm pistole en tien 7.65 patrone. Vir een van die pistole het hy 'n lisensie gehad. Die pistool het hy onder sy lyfband gehad. Vir die ander het hy geen lisensie gehad nie. Dit was in 'n skouerholster onder sy trui en die tien patrone is in daardie pistool gevind. Sy verduideliking aan die hof vir sy besit van laasgenoemde pistool was dat hy op die beirokke dag 'n vergadering te Maserubrug bygewoon het. Die vergadering het oproerig geword. Na die vergadering en

terwyl hy op pad was na 'n voertuig het hy die pistool raak geskop. Hy het dit opgetel en gehou. Hy was van plan om dit na 'n polisiestasie te Ladybrand te neem vir oorhandiging aan die polisie. Sy relaas is deur die landdros verwerp. Toe hy ter versagting van vonnis getuig het, het hy gesê "Ek voel steeds dat ek onskuldig is". Die gevolg was dat daar gee verduideliking hoegenaamd voor die landdros was waarom hy in besit van die tweede ongelisensieerde pistool was en wat hy in gedagte gehad het om daarmee te maak nic. Sy persoonlike omstandighede is die volgende. Hy is in 1942 gebore en was dus 53 jaar oud toe die misdryf gepleeg is. Hy is getroud en het 7 afhanklike kinders. Hy is 'n huurmotoreienaar met 'n inkomste van R 1000,00 per maand. Sy vorige botsings met die gereg het lank gelede plaasgevind en het te make gehad met onwettige padvervoer en wat in die SAP 69 vorm beskryf word as "verkryging

van produkte sonder sertifikaat". In al drie gevalle is boetes opgelê. Dit behoort ook gemeld te word dat die landdros in die huidige saak beveel het dat die onbevoegdheidsverklaring vervat in art 12 (1) van die Wet nie sou volg nie, m a w dat nieteenstaande sy huidige skuldigbevinding en vonnis die appellant nie onbevoegd om 'n vuurwapen te besit verklaar behoort te word nie.

Sprekende vir myself moet ek erken dat die vonnis deur die landdros opgelê my onrustig laat voel het. Die persoonlike omstandighede van die beskuldigde tel sterk in sy guns en die feit dat hy geskik gevind is om gelisensieer te wees om presies dieselfde soort vuurwapen te besit is 'n buitengewone faktor en aanduidend van goeie karakter en die bestaan van 'n goeie rede om 'n vuurwapen soos hierdie te besit. Ek sou nie dieselfde vonnis opgelê het nie maar dit is nie die toets wat op appèl teen 'n vonnis toegepas moet word nie.

Daar moet ondersoek word of enige wesenlike mistasting deur die vonnisoplegger gepleeg is. Indien ja, staan dit 'n hof van appèl vry om sy eie onbelemmerde oordeel te gebruik om vonnis opnuut te bepaal. Indien nie, moet gevra word of die opgelegde vonnis onredelik, of skokkend, of steurend onvanpas is. Die blote feit dat dit nie die vonnis is wat die hof van appèl sou opgelê het nie is op sigself nie voldoende om die gevolgtrekking te regverdig dat die vonnis waarteen geappelleer word as onredelik, of skokkend, of steurend onvanpas beskou moet word nie. Dit is slegs waar die verskil so treffend is dat daardie beskrywings van die opgelegde vonnis geregverdig is dat inmenging behoort plaas te vind. Of die opgelegde vonnis tereg so beskryf kan word is 'n kwessie van graad en alhoewel die skeidingslyn konseptueel gesproke duidelik genoeg is, is dit in die praktyk dikwels besonder moeilik om te bepaal of die skeidingslyn

oorskry is al dan nie.

Die onwettige besit van vuurwapens is altyd as 'n ernstige misdaad beskou om ooglopende redes wat nie weer herhaal hoef te word nie. In onlangse tye het hierdie euwel soos onkruid floreer. Die land staan gebuk onder 'n reuse arsenaal van onwettige vuurwapens die toeganklikheid waarvan vir kriminele elemente al hoe makliker word. Dit lei tot die pleging van al hoe meer ernstige misdade gekenmerk deur die gebruik van sodanige onwettige vuurwapens. Dit bring natuurlik nie mee dat elke en iedere geval van onwettige besit van 'n vuurwapen noodwendig met gevangenisstraf gestraf moet word nie maar die intrinsieke ernstigheid van die misdryf moet nie misken of onderskat word nie. As die appellant 'n verduideliking vir sy besit van 'n tweede pistool sou verskaf het wat die hof sou toegelaat het om die misdryf in 'n minder ernstige lig te sien, sou hy waarskynlik nie

hierdie besondere straf opgelê gewees het nie. Hy het nie en hy kan die hof nie kwalik neem nie as die hof sou aflei dat hy iets beoog het wat nie tot sy krediet sou gestrek het nie.

Geen wesenlike mistasting deur die landdros word deur die appellant se advokaat uitgewys nie. Daar is sonder veel oortuiging gesuggereer dat die landdros misgetas het deur nie die feit dat die appellant gelisensieer was om 'n soortgelyke pistool te besit behoorlik in ag te neem nie. Dat die landdros bewus was van die betrokke feit blyk duidelik vanuit sy opsomming van die feite van die geval. Dit is waar dat daar geen spesifieke bespreking van die implikasies daarvan in die landdros se uitspraak te vinde is nie maar dat die landdros die appellant as basies goeie mensmateriaal beskou het blyk vanuit sy beslissing om nie die appellant onbevoegd om 'n vuurwapen te besit te verklaar nie.

Die lotgeval van die appèl wentel dus om die vraag of die verskil tussen die vonnis wat hierdie hof sou opgelê het en dié deur die landdros opgelê so treffend is dat laasgenoemde vonnis as onredelik of skokkend of steurend onvanpas beskryf kan word. Na my mening moet die antwoord daarop negatief wees. Die appèl word van die hand gewys.

R M MARAIS
APPèLREGTER

Van Heerden AHR)Stem saam
Streicher AR)